# Voorskrifte aan skrywers

**1. Redaksionele beleid**

1.1 Die Tydskrif publiseer bydraes uit enige gebied van die natuurwetenskap en die tegnologie.

1.2 Die inhoud word onder die volgende hoofde ingedeel: standpunt, navorsings- en oorsigartikels, navorsingsbriewe, vakterminologie, opsommings van referate, algemene artikels en berigte, opsommings van proefskrifte en verhandelings, baanbrekers, boekaankondigings en boekresensies, korrespondensie, aankondiging van byeenkomste.

1.3 Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees. Bydraes in Nederlands en Duits in die kategorieë soos reeds genoem, kan ook voorgelê word.

1.4 Alle artikels is aan keuring onderworpe. ’n Artikel kan anoniem aan die keurders voorgelê word indien die outeur(s) dit verkies; die keurders bly in alle gevalle anoniem.

1.5 By aanvaarding van ’n bydrae word die kopiereg aan die Akademie oorgedra. ’n Skriftelike ooreenkoms moet in dié verband deur die outeur onderteken word.

1.6 Menings wat deur die outeurs uitgespreek word, is nie noodwendig ook dié van die Redaksie nie.

1.7 Materiaal wat reeds in ’n ander tydskrif gepubliseer is, word nie aanvaar vir voorlegging in die kategorieë “Navorsingsartikels” en “Navorsingsbriewe” nie.

1.8 Indien die materiaal by ’n vakkundige konferensie aangebied is en nog nie in ’n tydskrif gepubliseer is nie, kan dit aan die Tydskrif vir oorweging voorgelê word.

1.9 Hoewel die redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto’s en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan hy onder geen omstandighede verantwoordelik gehou word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die redaksie hiervan verwittig.

1.10 In geval van bydraes wat vir ’n staatsubsidie in aanmerking kom, word bladgeld van R130 (+ BTW) per gedrukte bladsy gehef om die publikasiekoste te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir die bladgeld. Die Tydskrif is ’n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite vir navorsingsuitsette.

1.11 Korreksies wat voortvloei uit verandering aan die manuskrip na goedkeuring moet deur die outeur betaal word.

1.12 Twee eksemplare van die uitgawe waarin ’n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

**2. Voorlegging van manuskripte**

2.1 Indien slegs per **pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur verkieslik ’n elektroniese kopie aan publikasies@akademie.co.za - in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en ’n 25 mm linkerkantlyn. Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys kan lewer dat die artikel deur ’n erkende taalversorger geredigeer is.

**2.2 Paragrafering**: Daar is geen spasies tussen paragrawe nie. Die eerste reël van elke paragraaf word ingekeep, behalwe dié van paragrawe wat volg op hoofopskrifte, figure, tabelle of aanhalings. Verwys na die Tydskrif vir voorbeelde.

2.3 Opskrifte in die *S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* lyk soos volg:

**HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is ’n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

**Opskrifte** is vetgedruk; daar is ’n spasie tussen die opskrif en die teks.

***Subopskrifte*** is kursief en vetgedruk; daar is ’n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word.

Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Effektiwiteit van die beheertegniek

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

**Figuur 3**: *Die geografiese verspreiding van sywurms*.

2.4 Aanhalings word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as drie reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne ’n aanhaling staan tussen blokhakies. Verwys na die Tydskrif vir voorbeelde.

2.5 Die kategorie waarin die outeur verlang die bydrae moet val, moet vermeld word, bv. navorsings- of oorsigartikel, navorsingsbrief, ensovoorts. Dit is egter die Redaksie se prerogatief om die kategorie van elke bydrae te bepaal.

2.6 ’n Navorsingsbrief is die kort, saaklike mededeling van resultate uit lopende navorsing wat nog nie afgehandel is nie.

2.7 Voorleggings van **opsommings** van **referate, proefskrifte en verhandelings** is aan die volgende verdere voorskrifte onderhewig: Opsommings moet nie 500 woorde oorskry nie en mag slegs figure bevat indien absoluut noodsaaklik, in welke geval die getal woorde verminder moet word. Dit moet vergesel word van ’n kort Engelse uittreksel vooraf, 50 woorde, wat begin met die vertaling van die titel. Sodanige opsommings moet voldoen aan ’n gepaste struktuur vir ’n akademiese publikasie, naamlik ’n duidelike probleemstelling, metodologie, resultate en bevindinge, (nie onder opskrifte ingedeel nie).

2.8 Bydraes moet vergesel gaan van ’n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.

2.9 Titels moet kort en saaklik wees vergesel van die skrywer se voorletter(s) en van, werkverband, posadres en e-pos.

2.10 Bydraes anders as opsommings van verhandelings en proefskrifte moet vergesel gaan van ’n kort uittreksel in Afrikaans (250 woorde) en Engels (600-1000) woorde. Die Engelse uittreksel begin met die vertaling van die titel.

2.11 ’n Lys van ongeveer 10 – 20 trefwoorde in Afrikaans en Engels moet net na die opsomming aangebied word.
2.12 Afkortings en simbole soos in die World List of Scientific Periodicals voorgeskryf, moet gebruik word. By gewone afkortings moet die voorskrifte van die Akademie gevolg word.
2.13 ’n Verklaring van die afkortings wat gebruik word, moet tussen hakies direk na die afkorting, of in tabelvorm aan die einde van die teks gegee word.
2.14 Verwysings na mate, gewigte, ens. moet in SI-eenhede aangedui word.
2.15 Tabelle moet van passende opskrifte voorsien wees en met Arabiese syfers genommer word; in die teks word streng volgens nommer na tabelle verwys.
2.16 Lyndiagramme (figure) moet voldoen aan die instruksies soos uiteengesit op die agterbinneblad van die Tydskrif. Dit is ook op aanvraag by die Akademiekantoor beskikbaar. Voornemende outeurs moet sorg dra dat hulle in besit van die instruksies is.
2.17 Verwysings moet direk van toepassing wees op die stof wat aangebied word. Die verwysings word met boskrifte (syfers) in die teks aangedui, met ’n volledige opgaaf van die numeriese verwysings aan die einde van die teks. In geval van verwysings na tydskrifartikels word die volledige titel van die artikel weergegee en bladsynommers inklusief aangehaal.

**Voorbeelde:**

**Verwysing na ’n artikel in ’n tydskrif**

1. Roos, D. v.d. S. (1979). Grootteverspreidingspektra van haelstene, *S.Afr. Tydskr. Fis.*, 44(2):133-138.

**Verwysing na ’n hoofstuk in ’n boek:**

2. Herman, P.P.J., Welman, W.G., Retief, E., Koekemoer, M., Netnou, N. (2003). Asteraceae. In Germishuizen, G., Meyer, N.L. (eds.). *Plants of Southern Africa: an annotated checklist*, Pretoria: National Botanical Institute, p. 178-310.

**Verwysing na ’n boek**:

3. Florini, S., Wilson, R.J. (1977). *Edgecolourings of graphs*, London: Pitman.

**Verwysing na ’n internetbron**

4. Gries, H.B. (1996). Media and experimental learning, *Education Online*, 21(1), http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

2.18 Waar reeds gepubliseerde materiaal gebruik word, moet toestemming van die kopiereghouer verkry word en die nodige erkenning daaraan gegee word.

**Die volgende onderskrif by ’n figuur dien as voorbeeld:**

Bergiussintese van koolwaterstowwe uit steenkool. Toestemming verleen: S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, met erkenning aan die outeurs (kyk verw. 18).

Indien kopiereg deur die organiseerders van ’n vakkundige konferensie bestaan, is dit die verantwoordelikheid van die outeur om toestemming vir publikasie in die Tydskrif te kry. Hierdie toestemming moet deur die outeurs reeds op hulle manuskrip wat vir oorweging aan die Redaksie voorgelê word, aangedui word.

<u>Voorskrifte by die voorbereiding van figure</u>

Alle illustrasies, hetsy lyntekeninge, grafieke of fotografiese reproduksies, word figure genoem. **Plaas asseblief die figure, tabelle en illustrasies in die korrekte posisie binne die teks.**

- *Grafika moet verkieslik in elektroniese formaat ingedien word, en per e-pos versend word na publikasies@akademie.co.za. Dui asseblief aan vir watter artikel die grafika bedoel is, deur die lêernaam dieselfde as die naam van die artikel te maak, plus figuurnommer.*
- *Foto’s moet in hoë resolusie wees (ten minste 300 dpi) en in so ’n grootte voorsien word dat dit regstreeks afgedruk kan word. In elk geval moet die foto’s so klein as moontlik wees sonder om detail te verloor.*
- *Moet nie ’n raam rondom ’n figuur of foto plaas nie.*
- *Lettertipe moet duidelik leesbaar wees - gebruik dieselfde lettertipe vir alle figure.*
- *Gebruik dieselfde lyndikte vir alle figure.*
- *Roosterlyne (0,25 mm dik) moet vermy word behalwe waar noukeurige afmetings op die krommes nodig is.*
- *Vermy die gebruik van agtergrondinkleding, veral as daar teks op verskyn. Indien dit wel gebruik word, moet asseblief nie donkerder as 10% kleur nie.*
- *Daar moet baie duidelik onderskei word tussen die verskillende krommes wat op ’n grafiek aangebring word deur óf syfers, letters of simbole (sirkels, driehoekies, kruisies, ens.) op die lyne aan te bring, óf van verskillende lyntipes (soliede, stippellyne, stippelpuntlyne, ens.) gebruik te maak. Die betekenis van die simbole of lyntipes moet indien nodig in die onderskrif verduidelik word.*
- *Die beskrywing van die asse van grafieke moet buite wees en moet, waar toepaslik, bestaan uit ’n woord (bv. versnelling), ’n simbool (bv. a) en ’n eenheid (bv. ms$^{-2}$). Byskrifte moet parallel met die asse wees.*
- *Indien u nie die figure elektronies instuur nie, pos een stel oorspronklike figure of glansfoto’s. Die figuurnommer en die naam van die outeur of eerste outeur moet agterop elkeen van die figure aangedui word. Daar moet ook agterop die figure aangedui word watter kant van die figuur bo moet wees deur ’n pyltjie te teken en daarby die woord “bo” aan te bring.*
- *Lynfigure sowel as foto’s moet voorsien wees van ’n onderskrif.*

NOTA: Die aanbied van kleurgrafieke en –tabelle skep probleme met die reproduksie-omskakeling na swart-en-wit. Sorg asseblief dat die figure korrek omgeskakel word (“gray-scale”) sonder om data te verloor.

**Voorbeeld:** (Verwys na Tydskrif)

**Outeurs word toegelaat om pdf/tiff-dokumente in te handig, maar moet dan verseker dat dit in lyn is met die tydskrif se tipografie en uitlegvereistes**

# Guidelines to authors

**3. Editorial policy**

3.1 The Journal publishes contributions from any subject within the field of science and technology.

3.2 The content of this journal is published under the following sections: research and review articles (for accreditation); view points; research letters; subject terminology; summaries of papers; general articles and items; summaries of theses and dissertations; pioneers, announcement of publications, book reviews; announcement of events.

3.3 Contributions must be in Afrikaans. Articles in Dutch and German in the abovementioned categories may also be submitted.

3.4 All articles are subjected to a selection process. An article may be submitted to reviewers anonymously if requested by an author; the reviewers remain anonymous at all times.

3.5 On acceptance of an article the author gives copyright to the Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s).

3.6 Opinions expressed by the author(s) are not necessarily supported by the editorial panel.

3.7 Material already published in another publication will not be accepted for the categories "Research articles" and "Research letters".

3.8 If material was presented as a paper at a seminar or conference, but has not been published elsewhere, it may be submitted in article format to the journal for selection.

3.9 Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.

3.10 In instances where contributions qualify for subsidy, page fees of R130 (+ VAT) per printed page are charged towards printing costs. It is the responsibility of the author to apply for this payment from his/her institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

3.11 Corrections required after approval will be charged as authors' corrections.

3.12 Two complimentary copies of the edition in which a contribution has been published, will be sent to each author free of cost. If more copies are required, they may be ordered from the publications office at the set price.

**4. Submission of manuscripts**

4.1 If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za - in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and according to the technical specifications of the journal**. Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.

**4.2 Paragraphs**: There are no line spaces between paragraphs. The first line of each paragraph is indented, except directly after headings, figures, tables or indented quotations. Refer to the journal for examples.

4.3 Headings in the *S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* have the following format:
**MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the main heading and the text.
**Headings** are bold; Leave a space between the heading and the text.
***Sub-headings*** are italics and bold; leave a space between the sub-heading and the text.
Headings may be numbered.
There are no full stops after headings.
Headings at tables:
**TABLE 2:** Efficacy of the control technique
Captions at figures are placed below the figure/graphic material:
**Figure 3**: *The geographic distributions of silk worms.*

4.4 Quotations are not printed in italics, even when in another language. Quotations that exceed three lines are indented and printed without quotation marks. Any insert to a quotation must be placed between square brackets. Refer to the journal for examples.

4.5 Authors should indicate the category for which a contribution is intended, e.g. research article, literature review. It remains the prerogative of the editorial panel to decide under which category a contribution will be published.

4.6 A research letter is a brief, factual presentation of results from current research not yet completed.

**4.7 Summaries** of **papers, theses and dissertations** should also comply with the following: Summaries should not exceed 500 words and may only contain graphic material where absolutely necessary, in which case the number of words must be decreased. A short English abstract of 50 words *must* precede the summary, which should start with a translation of the title. Such summaries should comply with a suitable structure for academic publication, including a clear problem statement, methodology, results and findings. (No headings)

4.8 All contributions must be handed in with an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and photos of the author(s) in JPEG-format.

4.9 The title must be short and to the point. Also state the initial(s) and surname of the author(s), employment position, post address and e-mail.

4.10 Contributions other than summaries of dissertations and theses must have a short summary in Afrikaans (250 words) and an English abstract (600-1000) words. The English abstract starts with a translation of the title.

4.11 A list of approximately 10 – 20 key concepts in Afrikaans and English must be given after the summary.

4.12 Abbreviations and symbols as prescribed in the World List of Scientific Periodicals must be used. For other

abbreviations the guidelines of the Akademie will apply. We prefer not to use abbreviations in text.

4.13 An explanation of abbreviations must be given in brackets when first using the abbreviation, or in a table at the end of the text.

4.14 Measurements must be given in SI (metric) units.

4.15 Tables should be given an appropriate heading and numbered in Arabic numerals; refer to tables by number in the text

4.16 Insert the tables and graphics in the correct position within the text, not at the end of the text.

4.17 Line charts or figures should comply with the guidelines printed on the inside back cover of the journal. Contact the publications officer if unsure. Prospective authors must ensure that they comply with the latest requirements.

4.18 Source references must be directly related to the subject material presented. The reference is indicated by a superscript reference number in the text, with a comprehensive list of numerically listed bibliographic sources at the end of the text. When referring to extracts from journals or magazines, the full title of the article and page numbers should be given.

**Examples:**

**Reference to an article in a journal/magazine:**

5. Roos, D. (1979). Grootteverspreidingspektra van haelstene, *S.Afr. Tydskr. Fis.*, 44(2):133-138.

**Reference to a chapter in a book:**

6. Herman, P.P.J., Welman, W.G., Retief, E., Koekemoer, M., Netnou, N. (2003). Asteraceae. In Germishuizen, G., Meyer, N.L. (eds.). *Plants of Southern Africa: an annotated checklist,* Pretoria: National Botanical Institute, p. 178-310.

**Reference to a book**:

7. Florini, S., Wilson, R.J. (1977). *Edgecolourings of graphs,* London: Pitman.

**Reference to an internet source**

8. Gries, H.B. (1996). Media and experimental learning, *Education Online*, 21(1), http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all the bibliographic detail is in Afrikaans, and vice versa in English.

4.19 If previously published material is used, copyright must be obtained by the author and acknowledged in full.

**The following acknowledgement at a caption to a figure serves as example:**

Permission obtained from: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, with acknowledgement to the authors (see reference 18).

If copyright is vested with the organisers of a conference, the author takes responsibility to obtain copyright for publishing the material in our journal. This copyright should be submitted with the manuscript.

## Guidelines for preparing graphic material

All illustrations, whether line drawings, graphics or photographic representations, are referred to as figures. **Please insert the illustration in the correct position within the texts.**

- *Graphics should be in electronic format and should preferably be submitted by e-mail to publikasies@akademie.co.za. Please indicate for which article the file is intended by giving the document the same name as the article, plus figure number.*
- *Photographs must have a high resolution (at least 300 dpi) and should be of a size suitable for the journal, without having to resize it to such an extent that detail is lost.*
- *Do not place a frame around a figure or photograph.*
- *The font must be clearly legible – use the same font for all figures.*
- *Use the same line weight for all figures.*
- *Avoid background lines unless these are specifically required to show measurements.*
- *Avoid the use of background screens, especially if the frame contains text. Please do not use more than a 10% screen.*
- *Clearly distinguish between different chart lines by using either figures, letters or symbols (circles, triangles, crosses, etc.) on the lines, or by using different line styles (solid, dashed, dotted, etc.). Explain the use of symbols or line styles with a legend.*
- *A description of the chart axes should be placed outside the chart area, and where applicable, should contain descriptive words such as (acceleration), a symbol (e.g. a) and a unit (e.g. $ms^{-2}$). Captions must be parallel to the axes.*
- *If you do not submit graphic material electronically, mail one set of originals (please keep a back-up). Write the number of the figure as well as the name of the first author on each copy. Indicate the top of the picture by drawing an arrow on the back – write "top" as required.*
- *All figures must have captions (placed below the figure).*

NOTE: The use of colour in tables and figures can cause problems in black-and-white reproduction. Ensure that figures and tables translate legibly to black-and-white (gray-scale) before submitting.

**Example:** (Refer to printed copies of our journal)

**Authors are allowed to submit pdf/tiff files, but should ensure that such documents comply with the typography and format of the journal**

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities
*Jaargang 47 Nommer 3, September 2007/Volume 47 Number 3, September 2007*

# Inhoudsopgawe

***NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES***

- ***TEMA-AFDELING: LEERDERDISSIPLINE / THEME SECTION: LEARNER DISCIPLINE***

**GASREDAKTEUR/GUEST EDITOR: HANNES VAN DER WALT**
Voorwoord/ *Preface* ..... 285
**HANNES VAN DER WALT**
Die "dissiplineprobleem" in skole: 'n rentmeesterskapsbenadering / *The "discipline problem" in schools: a stewardship approach* ..... 288
**JO BADENHORST, MIEMSIE STEYN & LUKAS BEUKES**
Die dissiplinedilemma in post-apartheid Suid-Afrikaanse hoërskole: 'n kwalitatiewe ontleding / *The dilemma of disciplinary problems within secondary schools in a post-apartheid South Africa: a qualitative analysis* ..... 301
**JOHAN PRINSLOO & JAN NESER**
Skoolgeweld en portuurgroepviktimisering in openbare skole in Tshwane-Suid / *School violence and peer group victimisation in public schools in Tshwane South* ..... 320
**CORENE DE WET & LYNETTE JACOBS**
Riglyne vir die voorkoming van bullebakkery in 'n skoolkoshuis / *Guidelines for the prevention of bullying in a school hostel* ..... 331
**CHARL WOLHUTER & LOUISA MEYER**
'n Leerderperspektief op dissipline in histories swart sekondêre skole: 'n kwalitatiewe ontleding / *A learner perspective on discipline at historically black secondary schools: a qualitative analysis* ..... 349
**IZAK OOSTHUIZEN & JOHANN VAN STADEN**
Opvoeders se persepsie van die effektiwiteit van dissiplinemetodes in Vrystaatse, Oos-Kaapse en Vaaldriehoekskole / *Educators' perception of the effectiveness of disciplinary measures in schools of the Free State, Eastern Cape and Vaal Triangle* ..... 359

- ***NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS (VERVOLG) / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (CONTINUED)***

**BABETTE LE ROUX, ANNA HUGO, HELENE MÜLLER & NORMA NEL**
Fonologiese bewustheid by graad 0-leerders as voorspeller van latere leessukses / *Phonological awareness among grade 0 learners as predictor of future reading success* ..... 373
**IRMA ELOFF, LIESEL EBERSÖHN & KOBIE BARNARD**
MIV-positiewe huiswerkers se ervarings van hul MIV-status binne 'n werkgewersgesin / *HIV-positive domestic helpers and the experience of their HIV-status within their families of employment* ..... 386
**LEOPOLD SCHOLTZ**
Die lesse van die Irakse oorlog en insurgensie: 'n Suid-Afrikaanse perspektief / *The lessons of the Iraq war and insurgency: a South African perspective* ..... 399
**MARINUS SCHOEMAN**
Openbare gesprek en wêreldlikheid. Aspekte van die politieke filosofie van Hannah Arendt (1906-1975) / *Public discourse and worldliness. Aspects of the political philosophy of Hannah Arendt (1906-1975)* ..... 422
**WILLEM A HOFFMANN**
Disorganisasiebelewenisse van vroulike laat-adolessente selfmoordagtergeblewenes / *Disorganisation experiences of female late adolescent suicide survivors* ..... 431
**HANNA VAN NIEKERK**
"Om te sing, is om te loop met voete van klank" - 'n blik op die metodologie van die sangpedagoog Sarie Lamprecht (3 Mei 1923 - 13 Mei 2005) / *"To sing is to walk with feet of sound"- a view on the methodology of the singing pedagogue Sarie Lampbrecht (3May 1923 - 13 May 2005)* ..... 445
**FRANCOIS BREDENKAMP**
Marcus Aurelius Antoninus (121-180 n.C.) – 'n Stoïsyn vir ons eie tyd / *Marcus Aurelius Antoninus (121-180 A.D.) – a latter-day Stoic* ..... 461

***BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS***

**PIETER KAPP**
*Keerpunte in die geskiedenis* – redakteur Bill Nasson ..... 485
**HENRIETTE ROOS**
*Bidsprinkaan. 'n Ware storie* – outeur André P. Brink ..... 496
**ALBERT VENTER**
*Aweregs* – outeur Dan Roodt ..... 499